

Spraakterapeut ‘spreek’ ook wyer reeks sake aan

Deur **Mia Wilbers** 03 Maart 2016 06:00

’n SPRAAKTERAPEUT is ’n gesondheidswerker wat spraak- en taalafwykings identifiseer, evalueer en behandel, asook tot die voorkoming daarvan bydra.

Die terapeut kan met mense van enige ouderdom in hospitale, skole of buitepasiënt-praktyke werk.

Spraakterapeute is oor die algemeen bekend vir hul behandeling van mense met uitspraakfoute, onduidelike spraak, of persone wat hakkell, maar dit is ook binne die spraakterapeut se omvang van praktyk om mense met ’n wye verskeidenheid ander probleme te behandel. Dit sluit probleme soos spraak-taal-agterstande, agterstande met betrekking tot voorgeletterdheidsvaardighede en slukafwykings in.

Spraak-taal-agterstande kan weens ’n verskeidenheid redes by babas en kinders voorkom.

Faktore wat tot dié agterstande kan aanleiding gee, sluit in: ’n geskiedenis van chroniese oorinfeksies, gehoorverlies, ontwikkelingsagterstande (byvoorbeeld weens serebrale gestremdheid), outistiese spektrumafwykings of hiperaktiwiteit.

Omgewings waarin daar nie genoegsame blootstelling aan interaktiewe boeklees is nie en te veel klem op passiewe televisiekyk geplaas word, kan ook ’n negatiewe uitwerking op spraak-taalontwikkeling hê.

Voorgeletterdheidsvaardighede verwys na vaardighede wat ’n kind moet bemeester voordat hy kan leer lees en skryf.

Dit sluit fonologiese bewustheid (kennis van klanke en hoe dit saamgevoeg word om woorde te vorm), alfabetkennis, drukbewustheid en kennis van geletterdheidstaal in.

Spraakterapeute speel ’n integrale rol in die behandeling van kinders wat agterstande met betrekking tot veral die ouditiewe komponente van hierdie vaardighede toon en dus sukkel om te leer lees en te skryf.

Veral in ’n hospitaalopset speel ’n spraakterapeut ’n belangrike rol in die evaluasie en behandeling van mense wat ’n kommunikasieafwyking het of sukkel om te sluk, byvoorbeeld weens beroertes of breinbeserings.

In die neonatale intensiewesorgeenheid is spraakterapeute nou betrokke by die voeding van vroeggebore babas wie se suigrefleks nog nie goed ontwikkel is nie.

Spraakterapeute word opgelei om in 'n multidissiplinêre span te funksioneer.

Onderlinge verwysings tussen spraakterapeute, oudioloë, arbeidsterapeute, fisioterapeute, dieetkundiges, sielkundiges, onderwysers en dokters is uiters belangrik om te verseker dat die pasiënt in geheel behandel word en dat alle bydraende en onderliggende faktore tot 'n probleem aangepak word.

Die hoofrol van 'n spraakterapeut is om eindelijk mense se lewensgehalte te verbeter.

<http://www.netwerk24.com/ZA/Kalahari-Bulletin/Nuus/spraakterapeut-spreek-ook-wyer-reeks-sake-aan-20160301>